HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

Spesifieke Oueromsendbrief nommer 43 van 2019

7 Oktober 2019

Geagte Ouer/Voog en Netbalspeler

Hoërskool Randburg ag dit belangrik om die Klofie-fees en Sportisimo Netbalkamp jaarliks by te woon. Ongelukkig, weens ons deelname aan die Twizza Reeks in 2020, kan ons nié die Sportisimo Netbalkamp bywoon nie. As plaasvervanging, gaan ons in 2020 ons eie netbalkamp by Klein Kariba hou. Spesialis-afrigters is vir hierdie kamp genooi om die netbaldogters af te rig en op te lei. Buiten dat hierdie kamp ten doel het om die dogters se vaardighede en passie vir netbal te ontwikkel, beoog dit ook om die afrigters te ondersteun met spankeuses en -kombinasies, aangesien die dogters in aksie geëvalueer kan word.

Die Klofie-fees vind op 21, 23-25 Maart 2020 plaas en die Klein Kariba netbalkamp vanaf 28 Februarie 2020 tot 1 Maart 2020. Die deposito's vir hierdie geleenthede moet reeds teen 31 Oktober 2019 betaal word. Ons rig hierdie skrywe aan alle voornemende netbalspelers se ouers as versoek om 'n deposito van R 512.00 te betaal sodat ons Hoërskool Randburg se plek vir hierdie twee geleenthede kan bespreek.

Op die volgende bladsy is ‘n uiteensetting van die kostes. Ons is bewus daarvan dat dit baie geld is en daarom kan u ook van die geleentheid gebruik maak om die bedrag maandeliks af te betaal om sodoende die las ’n bietjie te verlig.

November 2019:	R 512.00
Desember 2019:	R 512.00
Januarie 2020:	R 512.00
Februarie 2020:	R 512.00

Indien u dogter nie hierdie twee geleenthede kan bywoon nie, sal die gelde wat reeds betaal is, teruggeskryf word teen u kind se skoolgelde vir 2020 indien die getalle nog nie bevestig is nie. Ons dank u by voorbaat vir u gunstige oorweging van hierdie versoek.

Dit kan inbetaal word by: Hoërskool Randburg
Bank: ABSA
Rekeningnommer: 170680065
Takkode: 632005
Tak: Randburg

Indien u ‘n elektroniese betaling maak, gebruik asseblief die volgende verwysing:
netbal, van en naam van leerder.

Stuur asseblief die bewys van betaling na: faks **086 651 7902** of e-pos: **algemeen@hsrandburg.co.za**

HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

Netbal Skeurstrokie – Skrywe van 07 Oktober 2019
Stuur asseblief na SAU

Blaai asb. om

HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

Uiteensetting van kostes vir beplande kursusse en toere				
Kursus	**Plek**	**Datum**	**Kostes**	**Spanne**
Kamp	Klein Kariba	28 Februarie - 1 Maart 2020	R 1 700.00	Alle spanne
Klofie-fees Toernooi (10 spelers / span)	Hoërskool Waterkloof	21 - 25 Maart 2020 **(tydens vakansie)**	R 860.00	0/14A+, 0/15A+, 0/16A+, 0/17A+ en Eerstespan.
		Totaal	**R 2 560.00**	**Kamp en Klofie-fees**
Twizza Reeks	Verskeie	7, 10, 14 Maart 2020 4 April 2020 Semi Finaal te Standerton 18 April 2020 Finaal te Dr Malan	Geen	Alle A- en B- spanne
Liga	Verskeie	Wag nog vir datums - begin gewoonlik in April	Geen	Alle spanne

Voltooi asseblief die onderstaande skeurstrokie en stuur asseblief terug skool toe voor óf op Maandag, 31 Oktober 2019.

Vriendelike netbalgroete,

_____ _____

Mnr P Booysen
Hoof

Jackie Krüger
Netbalorganiseerder

Skeurstrokie: Omkring asseblief u keuse.

Ouderdomsgroep in 2020: O/14, O/15, O/16, O/17, O/19

Ek _____ ouer/voog van _____ (leerder naam en van) graad (2020)_____erken die kostes van die onderskeie kampe en verleen hiermee my toestemming dat my kind graag die volgende sal wil bywoon: Klein Kariba-kamp: **Ja / Nee**

Klofie-fees: **Ja / Nee**

Ek onderneem om die deposito van R 512.00 te betaal om my kind se plek vir die Klein Kariba-kamp en Klofie-fees te bespreek voor òf op 31 Oktober 2019: **Ja / Nee**

Ek gaan van die afbetalingsopsie gebruik maak: **Ja / Nee** **OF**
Ek onderneem om die volle bedrag minus die deposito wat R 2,048.00 (tweeduisend agt en veertig rand) beloop, teen die einde Februarie 2020 te betaal: **Ja / Nee**

Ek neem kennis dat **alle** skoolfonds op datum sal wees op 28 Februarie 2020: **Ja / Nee**

Ek dra kennis van die beleid dat indien skoolfonds nie op datum is nie, leerders geen toere mag meemaak nie, alvorens die agterstallige skoolfonds vereffen is nie, soos uiteengesit in die skoolfondsbeleid: **Ja / Nee**